# VISSERS KAN BEGIN HOOP

## Wysigingswet sal die manne beter bewaar

**DIT was 'n belangrike week vir kleinskaalse vissermanne in die land.**

Verteenwoordigers van Masifundise en Coastal Links SA, 'n groep van duisende kleinskaalse vissermanne, het hul kommentaar oor die Wysigingswetsontwerp op Lewende Mariene Hulpbronne Woensdag in die parlement by die portefeuljekomitee vir landbou, bosbou en visserye ingedien.

Die aanvaarding van die gewysigde wet sal die grondslag lê vir die inwerkingstelling van 'n beleid oor kleinskaalse vissery wat laas jaar ná 'n lang stryd deur die kabinet aanvaar is.

Baie van ons werk die afgelope tien jaar het op die aanvaarding van 'n progressiewe visserybeleid gefokus wat vissermanne se lot sal verbeter.

### Ontwikkel

Die implementering van die beleid sal betekenisvol wees, want dit sal regte herstel wat met die Wet op Naturellegrond van 1913 ook toegang tot die see beperk het.

In 2005 het die regering 'n langtermyn-visserybeleid aanvaar wat geen voorsiening vir kleinskaalse vissers gemaak het nie. Masifundise is in 2006 gelykheidshof toe en in 2007 het die hof aanbeveel 'n nuwe beleid moet ontwikkel word en tussentydse verligting moet plaasvind. Die kabinet het dit uiteindelik in 2012 aanvaar.

Die meeste van ons voorstelle is gebruik. Die voordele van die nuwe beleid sal onder meer wees:

- Formele erkenning van ons vissersgemeenskappe.
- 'n Skuif na kollektiewe vissersregte (pleks van 'n individuele kwotastelsel).
- Die afbakening van voorkeurvissersones vir kleinskaalse vissermanne waar hulle talle spesies regdeur die jaar kan vang vir 'n volhoubare inkomste.
- Duidelike voordele vir vroue in vissersgemeenskappe.
- Beter bewaring en bestuur van mariene bronne.

Die wysigings aan die bestaande wet is nodig om die instelling van die nuwe beleid oor kleinskaalse vissery moontlik te maak. Ons is ten gunste van die konsepwet omdat:

- Dit transformasie in vissersgemeenskappe bevorder deurdat vissers se menseregte en waardigheid erken word.
- Dit opgestel is met die samewerking van talle belanghebbendes – van die kleinskaalse vissermanne tot grootskaalse vismaatskappye.
- Dit kleinskaalse vissery in die regsarena betrek en vissermanne se bestaansmoontlikhede beskerm.
- Dit nie net oor die toekenning van visvang-regte gaan nie, maar ook oor gemeenskapsontwikkeling, geslagsgelykheid en landelike opheffing.

Die gewysigde konsepwet moet dringend aanvaar word sodat die beleid in werking gestel kan word. Dit sal groot verligting vir talle kusgemeenskappe bring.

Enige verdere vertraging sal die kredietwaardigheid van die proses skaad en die lyding in vissersgemeenskappe verleng.

Ons is bly kleinskaalse vissers het dié week in beduidende getalle parlement toe gegaan en die voordragte van ons provinsiale en gemeenskapsleiers is uit alle oorde goed ontvang.

Ons verwag die wetsontwerp sal sonder groot verandering aanvaar word.

**NASEEGH JAFFER, die direkteur van die Masifundise-ontwikkelingstrust, sê hulle ondersteun die Wysigingswetsontwerp op Lewende Mariene Hulpbronne. Hy verduidelik wat dit vir duisende kleinskaalse vissermanne gaan beteken.**

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN
32369
SÊ ONS!
SMS'E TEEN R1